# WINDHOEK HOëRSKOOL

Reünie 2014

Laaste nuusbrief VOOR die reünie!

# NUUSBRIEF 10

**APRIL 2014**












## STAALTJIES

**COBUS OOSTHUIZEN**

Verskeie onlangse mini reünies, kuiergeleenthede en "Facebook" het bygedra om ons 1974 matrieks weer aan gebeurtenisse, staaltjies en verhaaltjies van 1970 (Standerd 6) tot 1974 te herinner.

Heelparty van ons het dan ook oor bogenoemde tydperk in die vakke Duits of Bybelkunde onderrig van meneer K@665r Neethling ontvang. Die bynaam het hy volgens oorlewering as gevolg van sy uitsonderlike blas vel gekry. Dan het daar nog 'n knop so groot soos 'n groot bloudruif korrel tussen sy ylerige grys hare gestaan. Dit was algemene kennis dat hy lief was daarvoor om gereeld ietsie te skink. Dit het daartoe bygedra dat hy oor 'n lang tydperk 'n spesifieke manier van praat en bypassende stap ontwikkel het. Sy bewende hande het eers die bordkryt teen die swartbord vasgepen en dan 'n skrif voortgebring wat al sy bogenoemde karaktertrekke verder ondersteun het.


Met die ingesteldheid van sommige leerders om gedurig op die uitkyk te wees vir 'n geleentheid om kattekwaad aan te vang, kan mens hom seker ook nie kwalik neem om iets te wil skink nie.

So het hy die dag na 'n pouse eers 'n draai by die kleedkamer gaan maak. Toe hy 'n paar minute laat by die betrokke klas opdaag, was die klas nogal bedrywig en nie so stil en stemmig as wat dit van hulle verwag was nie.

Hy het homself op die houtverhogie voor die klas langs die lessenaar staangemaak en streng oor sy bril geloer. Totaal onbewus van sy broek se gapende gulp, het hy ernstig en waarskuwend vir die klas gesê, "Dis 'n lelike ding wat sy kop hier uitsteek".

Dit was natuurlik die laaste strooi en die gegiggel het tot 'n volskaalse gelag oorgegaan tot verdere ontsteltenis van mnr Neethling en ook verleentheid toe hy uiteindelik besef waaroor die bohaai gaan.






Charlize Theron is nie die enigste Hollywood ster met familie in Suid Afrika nie. Na jare in die geheim het dit nou bekend geword dat die akteur Brad Pitt nog vier ander broers het. Hulle bly almal in Suid Africa.

Die oudste broer is n boer in die Vrystaat en sy naam is **Mielie** Pitt.

Die tweede oudste broer werk in Brakpan as mechanic en sy naam is **Tap** Pitt.

Die derde oudste broer is `n vlieënier vir Mango en sy naam is **Kock** Pitt.

Die Vierde boet is heeltemal van koers af en skreeu blykbaar vir die Bulls.
Sy naam is **Stu Pitt**.

Nou ja , wat die akteurs nie allas sal aanvang nie.

Onlangs het Brad Pitt en Angelina Jolie `n seuntjie aangeneem uit Uganda uit. Hulle noem hom **Koffie** Pitt.

## STAALTJIES

### SAM VD BERG

Ek kan nie regtig onthou of dit in st 9 of 10 was nie, maar op ‘n dag besluit ek en Poon (Koos Nel) dat ons ‘n blaaskansie van skool nodig het.

Dit word fyn beplan sodat ons daarna lekker kan brag tussen die klomp pelle tydens pouse die volgende dag. Die gewoonte was dat die klomp rokers (hulle sal weet wie hulle was) gedurende pouses bymekaar gekom het daar tussen die laboratoriums. Daar is elke dag met smaak vertel van wat die vorige dag gedoen is en natuurlik ook die naweek se gebeure.

Die stories het gewissel van kattekwaad en natuurlik outings met ons ouers se karre (Dan van der Poel, ek sal maar nie te veel hierop uitwei nie). Wat gedoen is as ons gebank het, of dit nou ‘n periode of ‘n dag was, was natuurlik lekker stories.

Ervarings tydens outings na een van die hoofde se kantore is ook altyd met smaak oorvertel – die hoeveelheid houe ens.

In elk geval, om terug te kom na my en Poon se plan vir die dag.

Hy het elke oggend met ‘n geleentheid skool toe gegaan maar op hierdie stadium was sy ouer broer Henk se kar (‘n Mini) by hulle huis geparkeer. Poon het toe sy geleentheid skool toe al die vorige dag gekanselleer. Ek sal kamma sonder petrol met my motorfiets by hulle huis aankom om ook sommer met die (reeds gekanselleerde) geleentheid skool toe te gaan.

Toe die geleentheid nou nie opdaag nie begin Poon sy ma oploop jaag met wat met gaan gebeur as ons laat is so ons sal noodgedwonge die Mini moes gebruik om by die skool te kom. Baie teësinnig oorhandig sy toe die sleutels en ek en Poon is daar weg.

In ons rugsakke was civvie klere en by die Rooibrug ruil ons die skoolklere om vir civvies. Daai tyd het die polisie en spietkops mos maklik kinders wat gedurende skooltyd in die strate rondhang skool toe gevat (of so het ons geglo). Ons besluit toe om te gaan vliegtuie kyk by JG Strydom-lughawe. Daar aangekom, was dit maar vervelig. (Die Boeing het mos net op Sondae gevlieg.) So na ‘n stewige brekfis in die restaurant is ons daar weg en sommer reg deur Windhoek na die Daan Viljoen-wildtuin toe. By Daan Viljoen het daar ook nie veel meer aangegaan nie. Toe is ons maar terug Windhoek toe en was dit ook sommer tyd om huis toe te gaan.

Toe ons by Poon se huis aankom, is sy ma (‘n baie goeie en dierbare tannie) sigbaar moeilik en wil weet waar ons was. Ek het my maar vinnig uit die voete gemaak maar toe ek by die huis stop, is my pa ook dadelik by.

My pa het by die Onderwysdepartement gewerk en het baie met Naas du Preez geskakel. Dié in my klas sal onthou dat hy net een klas gegee het en dat dit biologie vir 10F was. In elk geval, toe hy en my pa toevallig die dag met mekaar gepraat het net na die biologieperiode, vra hy toe of Sam dan siek is. Natuurlik verseker my pa hom toe dat ek by die skool behoort te wees.

Busted!!!

Ek het toe vir hierdie trippie sommer ‘n dubbel dosis gekry – by my pa met sy seekoeisambok en die volgende dag by Naas. Gelukkig was ek vir laasgenoemde voorbereid gewees met so vier onderbroeke.




**Some scholars insist that Jesus drove a Honda,**

**but didn't like to**

**talk about it.**
**As proof, they cite a verse in St. John's Gospel**

**where Christ tells the crowd,**
**"For I did not speak of my own Accord..." - John 12:49**



## Die '74's in Gauteng neem afskeid van Willa (Smit) en haar man Leon Oosthuizen.

## Willa en Leon is terug Namibië toe en werk van 1 Maart 2014 by Otjiwa naby Otjiwarongo.












# DIE DOODSAKKER

## Cobus Oosthuizen

Dis middag uur, Maandag, 24 November 1975, in Angola noord oos van Novo Redondo.

Twee Eland pantserkarre en ‘n Unimog patrollie naby ‘n brug, die helfte waarvan reeds weggeblaas.

Met mortiere bestook die patrollie na waar vermoedelik die Kubane skuil.

Maar, waar die mortiere val is dit stil en die patrollie rol weer aan.

Skielik donder dit vanaf die koppie oorkant die rivier,

masjiengeweer en grofgeskut word op die patrollie afgevuur.

Die pantserkar van Stephan en Gideon word skuins van agter met geskut getref.




Bedrading, radio en pantserkar is erg beskadig en sal nie verder voort kan gaan.

Nog meer wapenvuur en grofgeskut van die vyand volg.

Beserk van angs stoot Gideon die luik heel oop, spring uit en tussen koeëls wat om hom fluit en sing hardloop hy die bosse in.

Stephan skiet ‘n klomp mortiere oor die rand waarvandaan die Kubane vuur.

Gideon roep vanuit die bos waar hy skuil, hy wil terugkom, en kom help.

Deur die periskoop sien Stephan hoe Gideon die kar opklim.

Hy meen dit was ‘n mortier wat vir Gideon tref en van die pantserkar wegskiet.

Stephan en Gideon, twee skoolvriende sedert standerd ses in WHS,


Nou slegs een wat daardie dag gebeur het, kan oorvertel.

Gedenk die 1974 matrieks van WHS, hul gestorwe mater, in 2014 met die reunie, 40 jare later.




The Difference Between Women & Men



Her Side
His Side
Her Side
His Side


I LIKE BEING BLACK.
THAT'S NICE.
I LIKE BEING WHITE.
RACIST.



# OORLEDENES

Mathilda Oosthuizen 10A
Gerda Wessels 10A



Diedrik Opperman 10B
Piet Taljaard 10C

Susan Schrader 10C
Elke Bender 10E
Estelle vd Walt 10F



Gideon Obbes 10F



Manfred Binding 10B

MADELE VENTER 10F
Geen Foto